Desember 2022

TOERE MET ANDRÉ RIEU-KONSERTE 2023

NADERE BESONDERHEDE

TOER A: 6 – 15 Julie: Nederland en België

TOER B: 14 – 24 Julie: Vyf nagte bootvaart en drie nagte in Nederland

Prys: **Toer A: R55 890** plus lughawebelasting en fooitjies van ongeveer R6 540 en koste van Schengenvisum en reisversekering wat volgens eie behoefte bepaal word.

Prys: **Toer B: R49 980** plus lughawebelasting en fooitjies van ongeveer R9 200 en koste van Schengenvisum en reisversekering wat volgens eie behoefte bepaal word

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

TOER A: NEDERLAND EN BELGIË

- Retoervlug met **Lufthansa** vanaf **Johannesburg** via **Frankfurt** na **Amsterdam** en terug van **Amsterdam** via **Frankfurt** na **Johannesburg**
- Luukse busvervoer in Nederland en België
- Verblyf in uitstekende hotelle
- Minstens twee etes per dag
- Staptoere in Amsterdam, Middelburg en Brugge
- Interessante daguitstappie na Kagerplas
- Andre Rieu-konsert aan die einde van die toer met Kategorie 1-sitplekke.
- Ervare Afrikaans/Nederlandse toerleier-gids vergesel groep
- Keer terug op 14 Julie vanaf Amsterdam via Frankfurt vir aankoms op 15 Julie in Johannesburg

TOER B: BOOTVAART EN NEDERLAND

- Retoervlug met **Emirates** vanaf **Johannesburg** via **Dubai** na **Brussel** en terug vanaf **Amsterdam** via **Dubai** na **Johannesburg**
- Busvervoer van Brussel na Maastricht
- André Rieu-konsert in Maastricht aan begin van die toer. Kategorie 3-sitplekke
- Vyf nagte bootvaart van Maastricht na Roermond op die MS Rigoletto
- Verblyf in baie goeie hotelle aan die Ysselmeer en in Amsterdam
- Geleentheid om verskeie dorpies aan die Ysselmeer te besoek
- Drie etes per dag op die boot
- Twee etes per dag ná die bootvaart
- Ervare Afrikaanssprekende toerleiers vergesel groep
- Oornagfasiliteite gereël op Dubai-lughawe met oorstaan van 8 ure
- Keer terug op 23 Julie vanaf Amsterdam via Dubai vir aankoms op 24 Julie in Johannesburg

UITGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- Lughawebelasting: Die lughawebelasting is gekoppel aan die wisselkoers en beloop ongeveer:
  Toer A: R5 340
  Toer B: R7 800
- Fooitjies: Toerleiers oorhandig dit namens u aan die busbestuurders, gidse, hotel- en dienspersoneel. Fooitjies per persoon:

  Toer A: R1 200
  Toer B: R1 400
- Visums: U benodig 'n Nederlandse Schengenvisum. Die koste beloop ongeveer R1 480 (€80) plus 'n diensfooi van ± R476 wat aan die visumaansoeksentrum betaalbaar is. Volledige inligting oor die visumaansoekproses volg later in 'n Omsendbrief
- Reisversekering, waaroor u later volledige besonderhede kry

Posbus 17203 | Pretoria-Noord | 0116

Tel: 012 546 4967 | Faks: 086 530 2326 | E-pos: info@toere.co.za | Web: www.travelentoer.co.za

- Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, aandenkings, drankies, ekstra verversings ens.
- Paspoorte – verkryging daarvan
- Vervoer na en van SA lughawens
- Binnelandse aansluitingsvlugte na O.R. Thambo-lughawe (indien van toepassing)
- Enkelverblyfbybetaling (indien van toepassing)
  Toer A: ongeveer R8 850
  Toer B: ongeveer R9 800

INSKRYWING

'n Inskrywing is geldig wanneer ons u deposito ***tesame*** met die Inskrywings- en Vrywaringsvorm ontvang het. Die Inskrywingsvorm moet volledig voltooi word met u ***volle name soos dit in u paspoort verskyn!***

U ontvang binnekort Omsendbrief 1 met onder andere besonderhede in verband met klere wat u moet saamneem en dies meer. Daarna ontvang u nóg omsendbriewe met nuus en inligting. ***Laat weet ons asseblief indien enige van u kontakinligting soos adres, e-posadres of telefoonnommer(s) verander.***

BEREKENING VAN TOERPRYS

'n Toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die vliegkaartjie plus die landreëlings en kan aangepas word indien omstandighede buite ons beheer dit noodsaak. Die vliegkaartjie se prys verander nie. Die prys van die lughawebelasting is aan die wisselkoers en brandstofprys gekoppel en word bepaal op die dag van uitreiking.

DEPOSITO

Die toerdeposito beloop **R10 000 per persoon**.

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (fooitjies, versekering ens.) vir die toer moet vóór **10 Maart 2023** betaal word. Indien daar nog plek beskikbaar is en u daarná inskryf, moet betaling plaasvind wanneer u Omsendbrief 2 met u rekening (Verdelingsvorm) ontvang.

WYSE VAN BETALING

- Toer A: Groepvlugte by Lufthansa kan per kredietkaart betaal word.
- Toer B: Groepvlugte by Emirates kan nie per kredietkaart betaal word nie. Dit word direk aan CvW-Toere betaal, wat dit aan Emirates oorbetaal.
- **Bankdeposito/EFT:** Die landreëlings plus die vlugte (toerprys) word saam met bykomende koste soos lughawebelasting, versekering en fooitjies direk aan Christine van Wyk-Toere betaal deur inbetalings/elektroniese oorplasings, ***nadat u inligting in 'n omsendbrief daaroor ontvang het. Indien u met Lufthansa vlieg (Toer A), kan u lugkoste met 'n kredietkaart betaal word.***
- **Kontantinbetalings:** Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontantinbetalingskoste insluit. Vra asseblief u bank hoeveel dit beloop (ongeveer **1% van die inbetalingsbedrag** kan hiervoor begroot word).

Bankbesonderhede:

Christine van Wyk-Toere
Standard Bank Tjekrekening (Lopende rekening / *Current account)*
Takkode: **051001**
Tjekrekeningnommer: **410 722 782**

NB: Gebruik u voorletters en van as verwysing met betalings en nie die toer se naam of u noemnaam nie.

KANSELLASIE

Ingeskrewe toerlede wat vóór **10 Februarie 2023** skriftelik kanselleer, kry **R9 500** per persoon van die toerdeposito terug. Toerlede wat daarna tot **10 Maart** kanselleer, kry **R9 000** per persoon terug. **Ná 10 Maart 2023** word **geen deposito's** terugbetaal nie.

Indien 'n toerlid genoodsaak is om vanweë siekte te kanselleer voordat die finale toerprys betaal is (dit wil sê vóór **10 Maart 2023**), word die volle deposito minus R500 per persoon by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal.

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiedekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld van die versekeringsmaatskappy terugeis. Dit geld slegs indien die rede vir kansellasie kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering word aan almal wat inskryf gestuur.

Toerdeposito's van toerlede wat kanselleer, word terugbetaal wanneer die toer se finansies na afloop van die toer afgehandel word. U kan intussen u bankbesonderhede aan info@toere.co.za stuur.

VLUGTE

Alle groepvliegkaartjies word deur Benita van **FERNWEH TRAVEL** uitgereik**.** Die toerprys sluit retoervliegkaartjies in, maar nie lughawebelasting en binnelandse aansluitingsvlugte na en van Johannesburg nie.

Toer A

Indien u nie die groepvlug gebruik nie, kan die koste van die groepvliegkaartjie van die toerprys afgetrek word. Die afslag ter sprake is **R12 540.**

Toer B

Indien u nie die groepvlug gebruik nie, kan die koste van die groepvliegkaartjie van die toerprys afgetrek word. Die afslag ter sprake is **R8 000.** U verbeur ongelukkig die deposito van R2 000 wat ons op die vliegkaartjie betaal het, aangesien die lugdiens dit nie terugbetaal nie. Dit sal op u rekening bygevoeg word.

Konsessiehouers en persone met eie vlugte kan hulle soos volg by die groep aansluit:

Toer A:

Die groep land op 7 Julie om 9:20 in Amsterdam met LH 986. U kan dus vroeg op die lughawe aansluit. Die groep besoek na aankoms die Zaanse Schans en, indien tyd dit toelaat, ook Volendam. U kan ook aansluit by die hotel in Amsterdam. Meer besonderhede later.

Toer B:

U kan op 15 Julie vóór 13:00 op Brussel se lughawe of later by die Rigoletto in Maastricht by die groep aansluit.

WEGBREKERS

Indien u 'n groepvliegkaartjie gebruik, is dit moontlik om ná afloop van die toer op u eie te reis (met ander woorde van die bestaande toerprogram weg te breek). Lufthansa hef 'n wegbrekersfooi van ongeveer R500 en Emirates R750, indien u u groepvlug wil aanpas. U moet u wegbreekvlugte met Benita bespreek. Die prys van die terugvlug sal afhang waarvandaan u terugvlieg en van die beskikbaarheid van vlugte.

Kontak **Benita Venter** by **Fernweh Travel (verkieslik per e-pos)** vir meer inligting en reëlings in verband met wegbreekvlugte.

Benita se kontakbesonderhede:

E-pos: benita.venter1@gmail.com **Tel: 072 935 3679**

PASPOORTE (DRINGEND!)

Maak asseblief seker dat u paspoort vir minstens 3 maande ná u terugkeerdatum uit Europa geldig is. Daar moet ook genoeg skoon bladsye, vir veiligheid minstens drie, in u paspoort wees. Dit is vir visums en doeanestempels.

LW: Indien u paspoort nie reg is nie, kan dit veroorsaak dat u nie betyds u visum bekom nie.

MINDERJARIGES WAT SAAM MET U REIS (Indien van toepassing):

BAIE BELANGRIK: Alle visumaansoeke vir minderjariges moet saam met 'n oorspronklike *unabridged*-geboortesertifikaat ingedien word. 'n *Unabridged birth certificate* verskil van die standaardgeboorte-sertifikate wat deur Suid-Afrika se Departement van Binnelandse Sake uitgereik word. Dit bevat onder andere die kind asook albei ouers se volle name en identiteitsnommers op één, amptelike dokument.

Kontak ons indien u beplan om minderjariges saam met u op reis te neem.

GESONDHEID EN TOERFIKSHEID

Dit is vanselfsprekend dat iemand wat oorsee wil reis, se fisieke en emosionele gesondheid van só 'n aard sal wees dat hy/sy redelik onafhanklik oor die weg kan kom.

Toerlede wat nie onafhanklik oor die weg kan kom nie, moet 'n toermaat/familielid saamneem wat hulle kan help en na hulle kan omsien sodat hulle nie van mede-toerlede afhanklik sal wees of die groep se belange op enige manier benadeel nie.

Basiese riglyne vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus of boot moet kan klim, onafhanklik 'n stel van 15 trappe, insluitend roltrappe, kan klim en ongeveer 1 km op jou eie moet kan stap. 'n Mens moet deurentyd jou eie handbagasie kan hanteer en bereid wees om jou groot (inweeg-) tas by jou hotelkamer te besorg indien daar nie bagasiediens beskikbaar is nie. U moet bereid wees om op eie koste 'n huurmotor te gebruik indien 'n besoekpunt tydens die toer vir u te ver is om te stap. Indien u nie aan hierdie riglyne voldoen nie, MOET u iemand saamneem wat na u kan omsien.